

Skriflesing: Markus 15: 21 -32; Romeine 6:1-14

Teks: **Markus 15:27; Romeine 6:6**

Sing: **VOORAF SANG- Sb. 5-5 (10):1,2,3,5,6**

TYDENS EREDIENS-Sb 5-3 (8):1,2; Ps. 9:1,7; Ps. 40:2,3

Markus 15: 21 -32

Mar 15:21 Die soldate het iemand wat daar verbygekom het, gekommandeer om Jesus se kruis te dra. Dit was Simon van Sirene, wat van buite die stad af gekom het, die pa van Aleksander en Rufus.

Mar 15:22 Hulle bring Jesus toe na 'n plek Golgota, wat Kopbeenplek beteken.

Mar 15:23 Hulle wou vir Hom wyn gee met mirre daarin, maar Hy wou dit nie hê nie.

Mar 15:24 Toe kruisig hulle Hom en verdeel sy klere onder mekaar deur te loot oor wat elkeen moet kry.

Mar 15:25 Dit was nege-uur die môre toe hulle Hom gekruisig het.

Mar 15:26 En die rede waarom Hy gekruisig is, was op 'n bordjie aan die kruis geskrywe: "Die koning van die Jode."

Mar 15:27 **Saam met Hom het hulle ook twee rowers gekruisig**, een regs en een links van Hom.

Mar 15:29 Die mense wat daar verbygeloop het, het Jesus gelaster. Hulle het die kop geskud en gesê: "Toe, jy wat die tempel afbreek en in drie dae weer opbou!

Mar 15:30 Red jousef en kom van die kruis af."

Mar 15:31 Net so het die priesterhoofde en die skrifgeleerdes ook spottend vir mekaar gesê: "Ander het hy gered; homself kan hy nie red nie!

Mar 15:32 Laat die Christus, die koning van Israel, nou van die kruis af kom, sodat ons dit kan sien en in hom glo!" Die twee wat saam met Hom gekruisig is, het Hom ook beledig.

Romeine 6:1-14

Rom 6:1 Wat moet ons nou hiervan sê? Moet ons aanhou sonde doen sodat die genade kan toeneem?

Rom 6:2 Beslis nie. Hoe kan ons wat dood is vir die sonde, nog daarin voortlewe?

Rom 6:3 Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie?

Rom 6:4 Deur die doop is ons immers saam met Hom in sy dood begrawe, sodat, soos Christus deur die wonderbaarlike magsdaad van die Vader uit die dood opgewek is, ons ook so 'n nuwe lewe kan lei.

Rom 6:5 Aangesien ons met Hom een geword het in sy dood, sal ons sekerlik ook met Hom een wees in sy opstanding.

Rom 6:6 Ons weet tog dat die sondige mens wat ons was, **saam met Christus gekruisig is**, sodat ons sondige bestaan beëindig kon word. Ons is dus nie langer slawe van die sonde nie.

Rom 6:7 Iemand wat gesterf het, is immers vry van die mag van die sonde.

Rom 6:8 Ons het saam met Christus gesterwe; daarom glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe.

Rom 6:9 Ons weet dat Christus wat uit die dood opgewek is, nie weer kan sterwe nie; die dood het nie meer mag oor Hom nie.

Rom 6:10 Hy het gesterwe en is eens en vir altyd vir die sonde dood. Nou lewe Hy, en Hy lewe vir God.

Rom 6:11 Julle moet dus altyd onthou dat ook julle vir die sonde dood is, maar vir God lewe, omdat julle een is met Christus Jesus.

Rom 6:12 Moet dan nie toelaat dat die sonde nog langer oor julle heerskappy voer en julle die begeertes van julle sterflike aardse bestaan laat gehoorsaam nie.

Rom 6:13 Julle moet geen deel van julle liggame in diens van die sonde stel as 'n werktuig om goddeloosheid te bedrywe nie. Nee, stel julle in diens van God as mense wat dood was maar lewend gemaak is, en stel elke deel van julle liggame in diens van God as werktuig om te doen wat God wil.

Rom 6:14 Die sonde moet nie meer baas wees oor julle nie, want julle staan nie onder die wet van Moses nie, maar onder die genade.

Skriflesing: Markus 15: 21 -32; Romeine 6:1-14

Teks: **Markus 15:27; Romeine 6:6**

Sing: **VOORAF SANG- Sb. 5-5 (10):1,2,3,5,6**

TYDENS EREDIENS-Sb 5-3 (8):1,2; Ps. 9:1,7; Ps. 40:2,3

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons het op twee heeltemal verskillende plekke in die Here

se Woord, op hierdie Goeie Vrydag bykans presies dieselfde woorde gelees. Die vraag vandag is

dat al is die woorde so dieselfde is die betekenis daarvan werklik dieselfde? Dadelik sal ons wil

sê maar daar is tog 'n groot betekenisverskil! In Markus gaan dit om misdadigers wat saam met Hom gekruisig was. Dit nogal weerskante! Een aan sy regterkant en een aan sy linkerkant. Hulle is moordenaars, kriminele mense, mense waarmee ons onself nie mee wil identifiseer nie. Hulle is saam met Hom gekruisig, hulle kruise staan naby mekaar, maar eintlik is dit twee manne wat die grootste deel van hulle lewe so ver van Jesus af geleef het. By Jesus was daar nooit enige misdaad of eers kriminele gedagte teenwoordig nie terwyl die twee manne saam met Jesus gekruisig juis vanweë hulle kriminaliteit daar hang. *Saam met Hom gekruisig ...* lees ons van hierdie twee ongere karakters!

Tog staan in Romeine bykans presies dieselfde woorde ... *saam met Christus gekruisig ...* ja presies dieselfde woorde maar op hierdie Goeie Vrydag lê daar in die betekenis van die woorde 'n hemelsbreë verskil in wat Markus 15 vers 27 bedoel en wat Romeine 6 vers 6 bedoel. Op hierdie verskil moet op hierdie Goeie Vrydag ook deeglik gelet kan word.

Die twee manne aan hulle eie kruise gekruisig is 'n sigbare uitwendige gebeurtenis wat op daardie Vrydag deur baie mense gesien kon word. Alle mense, hulle wat Jesus gehaat het, daarom het hulle Hom gekruisig, hulle wat geen liefde vir Jesus gehad het nie. Hulle het eintlik groter haat teenoor Jesus gekoester as wat daar in hulle 'n haat teenoor die twee misdadigers was. Die feit dat die twee manne saam met Jesus gekruisig was, is eintlik maar net 'n uitdrukking van hulle is op *dieselfde tyd, gekruisig*. En sou mens ooit die woord toevallig mag gebruik, want eintlik pas die woord *toevallig* nie in ons gelowiges se woordeskat nie, dan was die twee manne saam met Jesus gekruisig toevallig maar ook op daardie dag op *dieselfde tyd en dieselfde plek* gekruisig. Onthou egter toeval is by God nooit toeval nie. God gaan ons toeval verby!

Dié twee manne het hulle lewe so sleg gelewe dat hulle lewe op tyd en plek aan 'n kruis gekom het, wat hulle die kruis verdien het. Ons kan aanvaar hulle is in dieselfde tyd tot hierdie straf veroordeel, hulle het saam met Jesus hulle kruise na Golgota moes dra. Daar is hulle saam met Hom gekruisig. Ja, alles saam met Hom, maar is hulle werklik saam met Hom?! Geliefdes dis waar die groter vrae en die dieper saak van Goeie Vrydag ook vandag op hierdie Goeie Vrydag in jou en my lewe uitgemaak moet word.

Saam met Hom maar nie werklik saam met Hom. Ja, saam met Hom gekruisig maar hulle saam met Hom gekruisig lyk heel anders as die saam met Hom gekruisig van Romeine 6 vers 6. Daardie verskil moet ons dieper op wil ingaan. Hulle is saam met Hom gekruisig en tog was hulle hele lewe eintlik so ver verwyderd van Hom. 'n Blinde kan dit met 'n stok voel dat Jesus hoort eintlik nie saam met hulle nie.

Saam met Hom gekruisig, maar Hy wat in die middel gekruisig hang, hoort nie saam met hulle gekruisig te wees nie. Hy is die sondelose Mens, die Lam van God wat op geen wyse gehang en gekruisig moes gewees het nie. Hulle saam met Hom gekruisig, maar Hy saam met hulle, Hy hoort nie daar nie. En tog daar hang Hy, dis die groot skok en die groot saak wat op Goeie Vrydag tot ons moet spreek. Hulle wat verdien om gekruisig te moes word, Hy wat juis nie gekruisig moes word nie, sy kruis word die middelpunt wat jou lewe ook sekere kruisvrae moet laat vra.

Die twee manne saam met Jesus gekruisig en tog was hulle eintlik altyd geskeie van Hom. Hulle wat met hulle sondelewe, ja hulle hele lewe was tot nou so 'n sondelewe dat hulle voor God en mens hierdie sondeoordeel met hulle sondelewe deur en deur verdien het. Daarom mag dit ons nie verbaas dat hulle sonde so opgegaar geraak het, dat dit moes uitloop op hierdie twee sondekruise op Golgota. Hulle het as't ware self hulle kruise uitgewerk en klaargemaak, ja soos die een misdadiger dit daardie Vrydag aan die kruis erken het, ons verdien hierdie oordeel, dis 'n regverdige oordeel, daarom is hierdie twee kruise regverdige kruise.

Tog saam met hulle gekruisig is die kruis van Hom wat sy lewe lank 'n sondelose lewe gehad het, Hy wat alle geregtigheid aan sy kant kon hê. Hy die Regverdige is deur 'n onregverdige oordeel aan 'n onregverdige kruis gehang. Wat moet ons oor Hom sê, wat moet ons gedagtes en ons geloof vandag oor Hom wees. Hy gee Homself, die sondelose vir die sonde van die wêreld. Sy lewe lank, ja sy menslike lewe, al vir 33 jaar het Hy die sondeskuld van die sondige wêreld begin dra en uiteindelik moes Hy ook die sondeoordeel ondergaan, wat Hom by hierdie sondekruis uitgebring het. Watter voorreg om dit vandag ook anders te mag sê! Wat Homself betref het Hy by die sondekruis moes sterf, maar wat ons betref het hierdie sondekruis 'n genadekruis kon word.

Daarom geliefdes, dink só daaraan, ja mag dit ons hele bestaan raak dat al was daar op daardie Vrydag drie kruise op Golgota, is daar wat ons vandag betref eintlik net twee soorte van kruise. Die misdadigers se kruise moet saam gesien en saamgetel word. Dis eintlik maar een soort van kruis. Hulle het as sondaars voor God daar gehang, elkeen aan sy eie kruis, dit was albei sondekruise, sonde afbetaling kruise kan ons dit ook noem.

Hulle verdien om gekruisig te word, tog is hulle kruise nie anders as die kruis wat ons as mensdom verdien nie. Ons verdien man vir man, vrou vir vrou, net soveel om ook gekruisig te moes word oor die sonde van my eie sondebestaan. Dit wat ekself so baie keer doen, dit waarmee ek in hierdie wêreld gekom het. Dit waarmee ons nie klaarkry nie, ons hou aan sondig. Dit sou 'n ewige kruis moes wees as dit vir ons 'n afbetalingkruis moes word. Dit sou wees 'n onafbetaalbare betaling voor God. Die kruis van die twee misdadigers wel twee kruise maar eintlik tog maar één soort van kruis.

Die verskil kom in wat Romeine ook vandag by uitkom. Die ander soort kruis. Die misdadigers saam met Hom gekruisig en Romeine sê saam met Christus gekruisig te wees, dieselfde woorde maar watter groot verskil tussen wat vandag gebeur het. Jesus het ook sy eie kruis, wel ook 'n afbetalingkruis, maar 'n afbetaling nie vir Homself nie, maar vir jou en my, 'n afbetaling wat sy kruis nie 'n sondekruis maak nie, maar 'n genadekruis. Om vandag by hierdie kruis te mag stilstaan is genade op genade. Dis al wat kan maak dat ons daardie verskriklike Vrydag waag 'n Goeie Vrydag te mag noem. Ons wat soos Paulus in Romeine dit waag noem, *saam met Hom gekruisig*. Dis nie arrogansie wat ons waag dit te kan sê nie, dis genade om dit te mag sê.

Dan besef ons die twee soorte kruise, word twee soorte van mense, word twee soorte van kruispunte waarby ek op een of ander manier tot stilstand moet kom. Of ek is saam met Hom, of ek is ewige geskeie van Hom. Ek sal ewige geskeie van Hom bly as ek myself by die ander soort van kruis, die werklik misdadiger-kruis, die sigbare kruis van saam met Hom gekruisig te wees maar ek is nie saam met Hom nie!

dink jouself net weer die plek, die posisie, die verandering in wat daar by die een gekruisigde misdadiger kon kom, terwyl dit by die ander misdadiger glad nie die geval was nie. Die een wat

nie sy sonde kon besef nie, dit ook nie bely het nie, hy wat selfs aan die kruis arrogant kon bly sê – ons lees sy arrogansie ook in Lukas 23:39... *39 En een van die kwaaddoeners wat opgehang is, het Hom gesmaad en gesê: As U die Christus is, verlos Uself en ons.* Van die ander misdadiger word ons verhaal ... Lukas 23:40 ... ons moet vers 41 ook saam lees- *40 Maar die ander een antwoord en bestraf hom en sê: Vrees jy ook God nie, terwyl jy in dieselfde oordeel is? — 41 ons tog regverdiglik, want ons ontvang die verdiende loon vir ons dade, maar Hy het niks verkeerds gedoen nie.*

Besef u die verskil wat die twee soorte van kruise ons op hierdie Vrydag werklik by uitbring? Vir die een wat Jesus bly smaad het, die man saam met Jesus gekruisig, maar in werklikheid nie saam met Hom gekruisig nie, vir die man bly dit twee soorte van kruise. Al is hy die onboetvaardige saam met Hom gekruisig is hy eintlik ewig van Hom geskeie, hy is ewig van Hom geskeie gekruisig, al was sy kruis net langs Hom Wie se kruis vir ons vandag moet saakmaak.

Tog moet ons soos die ander misdadiger by die punt kan kom waar hy gesê het ... *Vrees jy ook God nie, terwyl jy in dieselfde oordeel is? — 41 ons tog regverdiglik, want ons ontvang die verdiende loon vir ons dade, maar Hy het niks verkeerds gedoen nie.* As iemand soos daardie misdadiger by hierdie punt gekom het, watter wonderlike plek om in jou lewe by uit te kom, dan word die twee soorte van kruise net een soort van kruis. Dis hierdie soort van kruis wat vandag verder gaan is net die plek, die tyd en die sigbaarheid van 'n kruis, iewers op 'n heuwel Golgota, buite 'n stad. Dit moet vir ons vandag veel verder gaan as dit wat maar net 'n historiese gebeurtenis iewers in hierdie ou wêreld was, wat so om en by 2000 jaar gelede gebeur het.

Dis u en ek wat by Romeine 6 moet kan uitkom en sê saam met Hom gekruisig dra nou 'n heel ander betekenis as wat dit in Markus 15 die geval kon wees. Ek moet die twee soorte van kruis werklik net die een soort van kruis in my lewe wil maak. Al is ons nooit uitwendig saam met Hom gekruisig soos dit met die misdadigers die geval was nie, het die een misdadiger die uitwendige kruis 'n inwendige kruis kon maak en dit is wat by ons ook moet gebeur. Twee soorte van kruise moet een soort van kruis ook in jou en my lewe kan word. Die soort wat Paulus noem, saam met Hom gekruisig te wees.

Ek besef die sondaarkruis word my genadekruis. Geestelik en onsigbaar gebeur daar iets so groot dat woorde dit eintlik nie alles kan beskryf nie. Al het daardie misdadiger van Markus 15 aan sy eie kruis bly hang en daar het hy liggaamlik gesterwe is dit asof hy geestelik kon oorskuif na die kruis wat werklik op daardie Vrydag nie alleen die grootste verskil nie, maar ook die enigste verskil in sy lewe kom maak het. Sonder dat hy liggaamlik van die een soort van kruis na die ander soort van kruis kon oorskuif het hy wel onsigbaar en geestelik daardie grootste skuif wat 'n mens kan maak, gemaak. Dis eintlik nie 'n skuif wat hy kon maak nie, dis 'n skuif wat daar vir hom gemaak is. Dis ook 'n skuif wat vir ons gemaak moet word as ons die verbande en die verskil tussen Markus 15 en Romeine 6 na behore kan verreken. Baie in hierdie wêreld, die meeste in hierdie wêreld kan hierdie verskil nie verreken nie, maar mag dit wees dat u dit wel vandag kan verreken?

Al hang die man nog aan sy eie kruis, geestelik is hy reeds saam met Jesus gekruisig, die sondebrieff van sy lewe is reeds aan die een soort van kruis vasgenael, dat sy eie soort van kruis geen angel en splinter van dood en sonde meer kon oorhou nie. Al het hy liggaamlik gesterwe, het hy daardie Vrydag kon hoor- *Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees.*

Om saam met Hom gekruisig te wees soos Romeine 6 ons dit laat hoor is om te mag kom by wat ons in die Kategismus so mooi en samevattend kan hoor. Eers Sondag 16 V/A 42 met die vraag- **As Christus dan vir ons gesterf het, waarom moet ons ook nog sterwe?** Watter aangrypende antwoord- *Ons dood is nie 'n betaling vir ons sondes nie, maar slegs 'n afsterwe van die sondes en 'n deurgang tot die ewige lewe ...* En dan in V/A 43 hoor ons nog 'n duideliker weerklank van Romeine 6 ... Die vraag is - **Watter nut verkry ons nog verder uit die offer en dood van Christus aan die kruis?** Dit is 'n vraag so duidelik bedoel vir hierdie Goeie Vrydag wat ons vandag by is ... Hoor ons belydenis se aangrypende antwoord- Dis deur en deur Romeine 6 wat ook hier praat- *Deur sy krag word ons ou mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe. Gevolglik kan ons sondige begeertes nie meer oor ons heers nie, maar kan ons onself as 'n dankoffer aan Hom toewy.*

As u by daardie punt gekom het wat ons belydenis dit ook stel dat die sondige begeertes nie meer oor my heers nie, maar dat ek myself as 'n dankoffer aan God kan toewy dan het u die twee soorte van kruise één kruis kon maak. Dan het u uitgekome by die kruis wat ons vandag op Goeie Vrydag ook by moet uitkom. Om te mag sê ek is saam met Hom gekruisig, ek is saam met Hom gedood, ek is saam met Hom begrawe, dit klink dalk vernederend maar dis eintlik jou en my oorwinning! As ek dit nie kan sê nie, dan is ek nog by die ander soort van kruis wat ons op die einde nie by wil wees nie. Om te mag sê – ek is met Christus gekruisig lê geestelik baie diep, maar dis lewensnoodsaaklik, vir hierdie lewe en die lewe hiërna.

Ek wil dan daagliks my sonde kruisig dat ek my sonde kan begrawe, dat ek elke dag saam met Christus kan opstaan en 'n nuwe lewe kan lewe. Dis die geheimenis en die huwelikstaal ook van Romeine 6 vers 5 - hoor dit mooi - *Aangesien ons met Hom een geword het in sy dood, sal ons sekerlik ook met Hom een wees in sy opstanding.* Die ouer Vertaling stel dit nog dieper - *5 Want as ons met Hom saamgegroe het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding...* Die 2020 Vertaling stel dit vir my mooi- *5 As ons inderdaad met Hom saamgegroe het in 'n dood soos syne, sal ons ook met Hom saamgroe in 'n opstanding soos syne.*

Ons besef vandag vir die man saam met Christus gekruisig, die een wat nie by die eenwording met Christus uitgekome het nie, daardie huwelik aan die kruis was vir hom nie beskore nie, hy het vir ewig verlore gegaan. Watter slegte Vrydag was dit nie vir hom nie?! Hy het liggaamlik en geestelik aan sy eie kruis bly hang en daarom nie alleen die liggaamlike dood nie, maar ook die ewige dood gesterf.

Mag u by 'n huwelik aan die kruis uitkom, u word so een met Christus, ja u is dan reeds een met Christus dat ek kan sê ek is saam met Hom gekruisig. Nie alleen uitwendig sigbaar maak die kruis vandag vir my saak nie, maar inwendig beteken dit my lewe as ek waarlik kan sê ek is saam met Hom gekruisig. Dan sal ek ewig kan lewe, al sterwe ek ook. Is dit nie wat Romeine 6 vers 8 ons toesê nie - *8 As ons saam met Christus gesterf het, glo ons dat ons ook saam met Hom sal leef* (2020-Vertl). Die vraag op hierdie Goeie Vrydag is eintlik baie eenvoudig, tog bly dit 'n ewigheidsvraag- Aan watter soort kruis hang jy vandag voor God? Of jy dit wil erken of nie,

elke mens hang elke dag voor God aan 'n kruis ... hang ons aan ons eie sondaar-kruis, of hang ons aan die genadekruis van Christus.

AMEN